## BOEKBESPREKING

**Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1961 en 1962. Die Staatsdrukker, 1963.**

In hierdie jaar (1963) het daar weer twee nuwe dele van die bekende reeks, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, verskyn, naamlik die 24e en 25e jaargang, onderskeidelik van 1961 en 1962. Hierdie reeks het in 1938 begin, toe aanvanklik twee dele per jaargang gepubliseer is. Van 1943 tot 1947 is daar as gevolg van oorlogsomstandighede net een deel per jaargang uitgegee, maar sedert 1948 tot en met die uitgawes van 1960 is weer twee dele per jaargang gelewer. Intussen is egter met die publikasie van die reeks agter geraak, sodat nou vir 1961 en 1962 elk slegs een deel gepubliseer is om die reeks byna weer op datum te bring. Tot sover het daar dan nou alreeds 43 dele verskyn.

Die *Argief-jaarboek* het in die afgelope vyf-en-twintig jaar vir hom 'n baie belangrike plek in die Suid-Afrikaanse historiese literatuur verwerf. In die 43 boekdele verskyn 'n groot aantal waardevolle proefskrifte en magisterverhandelinge wat deur ons verskillende Universiteite vir die toekenning van die betrokke grade aanvaar is, asook ander belangrike navorsingsprodukte. Vir die historikus, die universiteitstudent, dosente en onderwysers, en selfs vir die middelbare-skoolleerling word dit in toenemende mate 'n onmisbare publikasie. Daarom is dit teleurstellend dat daar vir 1961 en 1962 elk slegs een deel verskyn het in plaas van die gebruiklike twee per jaargang. Mens kan alleen hoop dat dit 'n tydelike saak, is aangesien daar eerder na 'n uitbreiding van hierdie publikasies per jaar uitgesien word.

In elkeen van hierdie twee dele word nou weer drie magisterverhandelinge aangebied. Aangesien dit onmoontlik is om binne die bestek van hierdie kort bespreking volledig oor elke verhandeling te spreek, wil ek, sonder

om die belangrikheid daarvan te misken, met slegs 'n paar opmerkings oor elkeen volstaan.

In die deel vir 1961 word in die eerste plek die werk van 'n Indiërstudent van die Universiteit van Suid-Afrika aangetref, naamlik B. Pachai se *The History of the "Indian Opinion" (1903—1914)*. Dit is 'n baie belangrike studie omdat dit veel meer is as net 'n geskiedenis van die weekblad, *Indian Opinion*, tussen die aangeduide jare, soos die titel wil aandui. Tussen genoemde jare het Mahatma Gandhi, wat alreeds sedert 1893 in Suid-Afrika verkeer het, aan die spits van die Indiërs 'n hewige veldtog geloods om gelyke politieke regte met die blankes te verkry, in ooreenstemming met wat aan hulle tydens die Tweede Vryheidsoorlog deur die Britte belowe was. Hierdie hele stryd en die rol wat *Indian Opinion* daarin gespeel het, word nou op heel objektiewe wyse deur Pachai beskrywe en ontleed, en aldus vorm die studie 'n baie belangrike bydrae in verband met die geskiedenis van die Indiërs in Suid-Afrika en in verband met die tydperk van Mahatma Gandhi in Suid-Afrika. Dit is beslis 'n lesenswaardige en insiggewende stuk werk.

*The Development of Municipal Government in the Eastern Province of the Cape of Good Hope with special reference to Grahamstown, 1827—1862* van Keith S. Hunt, student aan Rhodes Universiteit, is die tweede werk wat in die 1961-deel opgeneem is. Soos die titel aandui is dit 'n studie in plaaslike geskiedenis en bestuur en het die skrywer, volgens sy mededeling in die voorwoord, hom doelbewus op dié terrein begewe om aan 'n tot dusver nagelate terrein van navorsing reg te laat geskied. Die skrywer het veral van die argiefstukke van die Grahamstadse munisipaliteit gebruik gemaak, argiefstukke wat nou vir die eerste keer vir dié doel ondersoek is. Oor die algemeen het Hunt hom deeglik van sy taak gekwyt, soos mens al gewoond is van feitlik alle Geskiedenisnavorsingstudente van die Rhodes Universiteit, en verdien hierdie stuk werk om in die *Argief-jaarboek* gepubliseer te word.

Die derde verhandeling in die 1961-deel is 'n belangrike werk, naamlik *Government Finance and Political*

*Development in the Cape, 1806—1834.* Dit is geskrywe deur Basil J. T. Leverton en is as verhandeling deur die Universiteit van Natal aanvaar. Die doel van die werk is, volgens die skrywer, „an attempt to analyse some of the forces which delayed the advancement of the Colony of Good Hope from Crown Colony status to that of Representative Government, and is written in the hope that the subject will be further probed by others more competent". Leverton gee hier 'n baie deeglike analise van die probleem op grond van 'n indringende studie in sy bronne en lewer dan as sodanig 'n belangrike bydrae tot ons kennis van die geskiedenis van die Kaapkolonie tussen 1806 en 1834. Hy betree met die spesifieke onderwerp beslis 'n nuwe terrein, sodat ons beeld van die Suid-Afrikaanse geskiedenis gedurende die eerste paar dekades van Britse beheer vollediger word.

In die *Argief-jaarboek* van 1962 is ook drie belangrike M.A.-verhandelings opgeneem. Die eerste is dié van J. H. Snyman: *Rebelleverhoor in Kaapland gedurende die Tweede Vryheidsoorlog met spesiale verwysing na die militêre howe (1899—1902)*, ingedien by die Universiteit van Suid-Afrika. Dit is 'n belangrike onderwerp, wat handel oor 'n aspek van die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog, waaroor daar tot dusver feitlik geen navorsing gedoen is nie. Snyman het sy uiteensetting gebaseer op Britse amptelike publikasies en dokumente in die argief van die Kaapse Prokureur-generaal. Dis 'n werk waarin Snyman hom as nougesette en onpartydige navorser openbaar en waarin hy dan tot die konklusie kom dat die militêre owerheid in Kaapland niks anders as bloot net sy taak teenoor die rebelle verrig het nie. Die werk lees vlot, is goed verantwoord en is vir ons militêre geskiedenis 'n aanwins.

Van besondere waarde is die tweede verhandeling (aanvaar deur die Universiteit van Stellenbosch) naamlik: *Die geskiedenis van die Beesteelt in Suidwes-Afrika tydens die Duitse tydperk, 1884—1915*, van E. L. P. Stals. Ek noem dit 'n verhandeling van besondere waarde, eerstens omdat Stals hier 'n totaal onbekende terrein betree en beslis baanbrekerswerk verrig het, en tweedens

omdat hy in hierdie verhandeling navorsingswerk van baie hoë gehalte lewer. Sy bekwame hantering van dokumente val mens dadelik op en die deeglike analise en uiteensetting, wat kenmerkend van die werk is, maak van die verhandeling 'n voorbeeld vir ander studente. Tegnies is dit ook goed versorg. Bowenal bring Stals met die werk welkome nuwe historiese kennis en open hy die weg vir verdere navorsing in verband met die geskiedenis van Suidwes-Afrika, waarvan ons per slot van rekening nog maar baie min weet.

Die laaste verhandeling in 1962 se deel is dié van W. A. Venter: *Die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Bloemfontein gedurende die pioniersjare 1848—1880.* Venter het hom ten doel gestel „om die soeklig te laat val op die geskiedenis van die Bloemfonteinse N.G. Gemeente en die rol wat die gemeente deur sy leraars, kerkraad en lidmate gedurende die wordingsgeskiedenis van die Vrystaatse Kerk en Staat gespeel het". Hierdie doelstelling hou die belofte in dat die skrywer iets meer as 'n blote gemeentegeskiedenis wou gee. Hy slaag ten dele daarin om sy doel te verwesenlik deur die plek van die gemeente in die wordende Boerestaat aan te toon, hoewel hy, veral later in die werk, nie altyd van 'n blote gemeentegeskiedenis wegkom nie. Hy laat interessante lig val op die werksaamhede van die eerste drie predikante van die gemeente, die bekende ds. Andrew Murray (1849—1860), ds. Gilles van der Wall (1862—1870) en ds. Gustav Radloff (1871—1881). Die werk kan as 'n belangrike bydrae tot die vroeë geskiedenis van die O.V.S. en die kerkgeskiedenis beskou word.

Die *Argief-jaarboek* se redaksie kan met die publikasie van hierdie twee dele hartlik geluk gewens word. Dit is ses voortreflike studies en dit verbly mens om te sien dat ons Universiteite so 'n hoë standaard vir M.A.-verhandelinge stel en dit handhaaf. Navorsers voel baie dankbaar teenoor die *Argief-jaarboek*, wat aan sulke verhandelinge die geleentheid bied om gepubliseer te word. Mag daar in toenemende mate op hierdie weg van deeglike navorsing en publikasie daarvan voortgegaan word.

P.U. vir C.H.O. J. S. du Plessis.